

Sondag 15 September

Skrifgedeelte: Romeine 8:5-17

Fokusgedeelte: Romeine 8:12

Geloof: Wat skuld ons?

Ons is in die skuld by God, maar nie in die sin dat ons moet boet vir ons sondes nie. Ons skuld is 'n bevoorregte skuld; 'n wonderlike skuld!

God het ons aangeneem as sy kinders! Ons is soos straatkinders wat deur Christus van die strate afgehaal is. Ons geniet nou die voorregte van 'n eie kind van God. As ons nog daarvoor sou twyfel, getuig die Heilige Gees saam met ons gees dat ons God se kinders is. So, wat skuld ons? Ons skuld God die liefde van 'n eie kind. Ons skuld Hom die respek en heldeverering wat 'n kind vir sy pa het. Ons skuld Hom ons vertroue en ons lojaliteit. Ons skuld Hom om sy kind te wees. Dink maar wat verwag jy van jou kinders, dan sal jy weet wat jy aan God skuld.

Paulus brei uit: Ons is ook God se erfgename! 'n Erfgenaam sit die naam en tradisie voort van die een by wie hy erf. Die seun of die erfgenaam moet daarom op hoogte wees van hoe die erfporsie bestuur moet word, en as dit byvoorbeeld 'n plaas is, hoe daarna omgesien moet word. As God se erfgename is ons verantwoordelik om sy erfenis te versorg en dit reg te bestuur.

Wat erf ons van God? Sekerlik tog sy belang op aarde: sy kerk, ons huwelike, ons gesinne, ons kinders, ons ouers. Dit is tog in hierdie dinge waarin God se belang gevestig is en hierdie dinge is vir ons die erfporsies wat ons met groot liefde en aandag moet versorg.

So gesien, word jou kerklike lewe, jou huwelik of gesin, 'n skuld wat jy aan God betaal, maar wat 'n heerlike skuld! Want in die proses het jy skatryk geword. Jou skuld het jou 'n bevoorregte gemaak. Daarom word hierdie skuld wat jy betaal, jou dankbaarheid, jou blydschap en jou eer!

Sing: Psalm 116-1:7, 10

Ds. CJ van Vuuren (Christo) (Hartbeespoort)